

GRAAD 12: AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

HERSIENING: DEEL 3 (Vraag 1) en DEEL 4 (Vraag 2)

VRAAG 1: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

Lees die teks hieronder en beantwoord die taalvrae.

DIE OLIMPIESE SPELE

Daar word elke jaar verskillende (1.1) (sportbyeenkoms) regoor die wêreld gehou. Die grootste (1.2) multisportbyeenkoms is die Olimpiese Spele. Meer as (1.3) (200) lande neem aan hierdie Spele deel. Dit vind elke (1.4) (vier) jaar plaas en is al 31 keer gehou. Japan is die gasheerland vir die 2020-Spele, maar (1.5) (as gevolg van) die Corona-virus gaan die Spele nou eers in 2021 plaasvind.

(1.6) (Die Internasionale Olimpiese Komitee organiseer die Spele.) Hulle besluit watter sportsoorte deel van die Spele se program sal wees. (1.7) (Die Spele se program is altyd dieselfde.) Soms word sekere sportsoorte weggelaat en ander word bygevoeg. Skaatsplankry sal vir die eerste keer deel wees van die 2020-Spele.

Die Olimpiese Spele bestaan uit die Somerspele, die Winterspele, die Paralimpiese Spele en die Jeugspele. (1.8) (Die Somerspele is 'n strawwe kompetisie. Dit hou gewoonlik drie weke aan). Die (1.9) (baie) sportsoorte is deel van die Somerspele. Tydens die Winterspele neem atlete aan sportsoorte soos ski deel. (1.10) (Die Paralimpiese Spele is vir gestremde atlete. Die Jeugspele is vir jonger atlete).

Dit is baie (1.11) (goedkoop) om die Olimpiese Spele aan te bied. Die gasheerland moet 'n stadion bou, asook genoeg blyplekke vir die atlete en (1.12) (**mense wat kyk** hoe die atlete deelneem).

Die simbool van die Spele is vyf ringe wat inmekaar geskakel is. Hierdie vyf ringe (1.13) (verteenwoordig) vyf kontinente. Die (1.14) (kleure/klere) van die ringe is blou, geel, swart, groen en rooi.

Nog 'n bekende simbool van die Olimpiese Spele is die Olimpiese fakkel. 'n Paar maande voor die Spele begin, is daar 'n amptelike fakkelseremonie. Die fakkel word (1.15) in Olympia aangesteek. Daarna word dit na die land geneem waar die Spele sal plaasvind.

Die (1.16) (wen) van elke item waaraan atlete deelneem, ontvang 'n goue medalje. Silwer is vir die tweede plek en brons vir derde plek.

Aan die begin van elke Spele is daar 'n seremonie (1.17) (die Spele amptelik open). Dit is gewoonlik 'n baie (1.18) (kleurvol) geleentheid. Miljoene mense kyk op (1.19) (TV) daarna. (1.20) As die Spele verby is word dit weer met 'n kort seremonie afgesluit.

[Verwerk uit Wikipedia]

- 1.1 Gee die MEERVOUD van "sportbyeenkoms". (1)
- 1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die voorvoegsel "multi" in "multisportbyeenkoms" beteken dat atlete aan (net een/meer as een) sportsoort deelneem. (1)
- 1.3 Skryf die GETAL "200" as 'n woord. (1)
- 1.4 Gebruik die HOMONIEM van "vier" in 'n sin sodat die betekenis daarvan duidelik is. (*Onthou: homonieme is woorde wat dieselfde klink en dieselfde gespel word, maar nie dieselfde beteken nie.*) (1)
- 1.5 Skryf die AFKORTING van "as gevolg van". (1)
- 1.6 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.
Die Internasionale Olimpiese Komitee organiseer die Spele. (1)
- 1.7 Skryf die sin in die ONTKENNING.
Die Spele se program is altyd dieselfde. (1)
- 1.8 VERBIND die twee sinne met die WOORD tussen hakies.
Die Somerspele is 'n strawwe kompetisie. Dit hou gewoonlik drie weke aan. (wat) (1)
- 1.9 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.
Die (baie) sportsoorte is deel van die Somerspele. (1)
- 1.10 VERBIND die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.
Die Paralimpiese Spele is vir gestremde atlete. Die Jeugspele is vir jonger atlete. (terwyl)
Begin só: Die Paralimpiese Spele ... (1)
- 1.11 Gee die ANTONIEM van "goedkoop". (1)
- 1.12 Gee EEN WOORD vir "**mense wat kyk** hoe die atlete deelneem". (1)
- 1.13 Verdeel "verteenwoordig" korrek in LETTERGREPE. (1)


- 1.14 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.
Die (kleure/klere) van die ringe is blou, geel, swart, groen en rooi. (1)
- 1.15 Skryf die sin as 'n VRAAGSIN sodat die onderstreepte deel die antwoord is.
Die fakkel word in Olympia aangesteek. (1)
- 1.16 Skryf die SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die woord tussen hakies.
Die (wen) van elke item waaraan atlete deelneem, ontvang 'n goue medalje. (1)
- 1.17 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF.
Aan die begin van elke Spele is daar 'n seremonie (die Spele amptelik open). (1)
- 1.18 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.
Dit is gewoonlik 'n baie (kleurvol) geleentheid. (1)
- 1.19 Skryf "TV" voluit as 'n woord. (1)
- 1.20 Vul die ontbrekende LEESTEKEN in die onderstaande sin in. Onderstreep die leesteken.
As die Spele verby is word dit weer met 'n kort seremonie afgesluit. (1)

TOTAAL: 20

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Kyk na die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.

Sammy se skoonmaakdiens



Is jy moeg vir vuil vensters en tafels en stoele en kaste?

Is jou matte vuil en vol kolle?

Het jy te veel ander werk om nog jou huis ook (2.3) (skoon) te maak?

Dan is Sammy net die persoon (2.4) ... wie jy soek! 👍

Sammy sal (2.5) (elke week) jou huis kom skoonmaak.

Hy is nooit laat nie.

Hy is altyd vriendelik.

Sy diens is die beste!

(2.7) Jy moet hom dadelik kontak.




Jy kan Sammy by 006 444 6666 skakel.
Jy kan ook 'n e-pos na skoonsammy.com stuur.

[Eie teks]

- 2.1 Gee EEN VOORNAAMWOORD wat die adverteerder regdeur die advertensie gebruik om die leser persoonlik te betrek. (1)
- 2.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (2.2) en die antwoord neer.

Is jy moeg vir vuil vensters **en** tafels **en** stoele **en** kaste?

Die herhaling van "en" in hierdie sin is bedoel **om die leser te manipuleer**, sodat die leser kan besef dat ...

- A daar te veel goed in die huis is.
 B hy/sy goed oor die saak moet nadink.
 C daar baie vuil dinge is waarvoor Sammy se diens nodig is.
 D Sammy die enigste persoon is wat hierdie werk sal kan doen. (1)
- 2.3 Gee die INTENSIEWE VORM vir "skoon". Onthou: dit moet in hierdie konteks pas! (1)
- 2.4 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.
 Dan is Sammy net die persoon ... wie jy soek! (1)
- 2.5 Gee EEN WOORD vir "elke week". (1)
- 2.6 Sy diens is die beste!
 Waarom is hierdie 'n MENING en nie 'n FEIT nie? (1)
- 2.7 Skryf die onderstaande sin oor as 'n BEVELSIN.
 Jy moet hom dadelik kontak. (1)
- 2.8 Skryf die onderstaande sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
 Sammy maak elke Vrydag jou huis skoon. (1)
- 2.9 By watter EEN BESKRYWENDE woord in die advertensie pas hierdie gesiggie? Skryf net die woord neer.  (1)
- 2.10 Hoekom, dink jy, is daar 'n groot ster in hierdie advertensie? (1)

NASIENRIGLYNE: VRAAG 1

Onthou:

- Waar jou antwoord net EEN woord is, móét jou antwoord heeltemal korrek wees, bv. as jy die meervoud van 'n woord moet gee.
- Waar jou antwoord 'n SIN is en 'n sinstruktuur toets, moet daardie sinstruktuur heeltemal korrek wees, bv. as jy die sin in die ontkenning moet skryf.

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	sportbyeenkomste	1
1.2	meer as een	1
1.3	tweehonderd of twee honderd	1
1.4	Hy vier sy verjaardag. Hulle vier hulle span se sukses.	1
1.5	a.g.v. (<i>Die punte moet op die regte plek wees.</i>)	1
1.6	Die Spele word deur die Internasionale Olimpiese Komitee georganiseer . (<i>Die woordorde moet korrek wees.</i>)	1
1.7	Die Spele se program is nie altyd dieselfde nie . Die Spele se program is nooit dieselfde nie .	1
1.8	Die Somerspele is 'n strawwe kompetisie wat gewoonlik drie weke aanhou . (<i>Hier is 'n paar dinge wat korrek moet wees: die "dit" val weg; "aanhou" is een woord en staan aan die einde van die sin.</i>)	1
1.9	meeste	1
1.10	Die Paralimpiese Spele is vir gestremde atlete, terwyl die Jeugspele vir jonger atlete is . (<i>Die werkwoord verskuif na die einde van die sin.</i>)	1
1.11	duur (<i>Dit moet korrek gespél wees.</i>)	1
1.12	toeskouers (<i>Dit moet korrek gespél wees.</i>)	1
1.13	ver+teen+woor+dig of ver-teen-woor-dig of ver/teen/woor/dig	1
1.14	kleure	1
1.15	Waar word die fakkel aangesteek? (<i>Die hele sin moet korrek wees en daar móét 'n vraagteken wees.</i>)	1
1.16	wenner (<i>Die spelling moet korrek wees.</i>)	1
1.17	... om die Spele amptelik te open. (<i>Dit moet presies so wees, want dit is wat die vraag sê.</i>)	1
1.18	kleurvolle (<i>Die spelling moet korrek wees.</i>)	1
1.19	televisie (<i>Die spelling moet korrek wees.</i>)	1
1.20	As die Spele verby is, word dit weer met 'n kort seremonie afgesluit. (<i>Onthou: tussen die 2 werkwoorde, "is" en "word", kom daar 'n komma.</i>)	1
TOTAAL		20

NASIENRIGLYNE: VRAAG 2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1	jy of jou	1
2.2	C / daar baie vuil dinge is waarvoor Sammy se diens nodig is.	1
2.3	silwerskoon of blinkskoon (<i>nie beeldskoon nie!</i>) (<i>Dit moet korrek gespel wees en dit moet as een woord geskryf word.</i>)	1
2.4	na	1
2.5	weekliks (Dit moet korrek gespel wees.)	1
2.6	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Daar is geen bewyse dat Sammy se diens die beste is nie. ▪ Dis een persoon se eie/subjektiewe opinie/mening. ▪ Almal stem nie noodwendig saam dat Sammy se diens die beste is nie. ▪ Daar is dalk mense wat glad nie dink Sammy se diens is die beste nie. ▪ Dis 'n advertensietegniek om lesers te manipuleer/oorreed. 	1
2.7	Kontak hom dadelik!	1
2.8	Sammy sal elke Vrydag jou huis skoonmaak . of Sammy sal jou huis elke Vrydag skoonmaak . (<i>Die woordorde moet korrek wees en "skoonmaak" is een woord.</i>)	1
2.9	vriendelik (<i>Maak seker jy skryf die woord korrek oor.</i>)	1
2.10	Die ster wys ... <ul style="list-style-type: none"> ▪ dat Sammy se diens goed is. ▪ dat alles soos 'n ster blink/skitter as Sammy dit klaar skoongemaak het. (<i>Of enige soortgelyke antwoord wat na goed of skoon verwys.</i>)	1
TOTAAL		10